



Registreer jou nuwe kalwers, lammers en wild op 'n bestuurstelsel

Deur Rachelle Cloete

Die kalf- en lamseisoen is op hande en dit is nou tyd om te beplan hoe die nuwe aankomelinge geïdentifiseer en op rekord gehou gaan word. Vandag kan daar nie meer kanse gewaag word met die nuwe verbruikerswetgewing en die aanspreeklikheidsrisiko's wat daarmee gepaard gaan nie.

Die identifisering van nuwe aankomelinge met hul eie unieke oorplaatjienommers, asook die aantekening van die diere se besonderhede in jou bestuursprogram, is die sleutel tot sukses.

Registreer die nuweling

'n Bestuurstelsel wat sy sout werd is, maak voorsiening vir 'n eenvoudige, verbruikersvriendelike proses om die kalf of lam aan te teken. Daar is nie altyd tyd om die volledige besonderhede ten tye van prosessering aan te teken nie. Daarom is dit baie handig om 'n verkorte registrasie-aantekeningproses op die bestuurstelsel te kan selekteer. Hier word verwys na inligting soos die dier se geboortedatum, ras, geslag en gewig. Meer volledige inligting kan later in die kantoor bygevoeg word, soos behandeling van die dier en 'n illustrasie.

Belangrike inligting en dokumentasie, soos 'n registrasiedokument en toets-sertifikate, word teenoor die nuweling se profiel gelaai. Die nuweling kan aan die moeder asook die vader gekoppel word,

maar dit is nie verpligtend nie aangesien alle produsente nie noodwendig weet wie die vader is as meer as een manlike dier gebruik is om die vroulike diere te dek nie.

Hierdie koppeling van die nuweling aan die moeder of vader help die produsent om diere met beter reproduksie- en produksievermoëns te selekteer. Die stelsel kan dus van waarde wees om diere met beter genetiese potensiaal te selekteer. Dié funksie kan bereik word met eenvoudige dag-tot-dag bestuur en rekordhouding.

Diere met goeie produksie-, reproduksie- en fenotipiese eienskappe kan hierdeur nagespoor word. Alle diere – lewende hawe, wild, geselskapsdiere, voëls, reptiele en dies meer – kan op hierdie manier met hul DNS getipeer word.

Data-insameling

Wanneer diere onder toesig namens 'n produsent bestuur word wat nie rekenaarvaardig is nie, is dit baie gerieflik om die diere se inligting op vooraf ontwerpte data-insamelingsvorme aan te teken. Die voordeel van sulke vooraf ontwerpte data-insamelingsvorme is dat die data gestruktureer is en die uiteensetting van die vorm kronologies volg, en dit dus baie maklik is om die diere se inligting later in die program in te sleutel.

Die produsent kan vooraf beplan watter prosessering gedoen gaan word en sodoende die nodige vorms vir die bestuurder of hanteerder voorberei. Op die vorms is plekke wat aandui watter inligting benodig word, soos geboortedatum, geboortegewig, kleur, tipe, ras, moeder, vader en nog ander besonderhede.

Inligting wat op die vorm ingesluit is, kan deur die produsent of selfs 'n derde party op die bestuurstelsel ingesleutel word. Die nuweling kan dan ook aan die ouers gekoppel word. Die ouers moet egter in die bestuursagteware geregistreer wees. As 'n nuweling nie dadelik aan die moeder gekoppel kan word nie, kan dit later gedoen word, mits die dier met sy eie unieke oorplaatjie gemerk is. DNS kan ook gebruik word om die koppeling te bevestig.

Unieke oorplaatjie

Goeie bestuurspraktyke is dus om diere by geboorte of eerste kontak met 'n unieke oorplaatjie-identifikasie te merk en in die bestuurstelsel aan te teken. Die proses lê reeds die grondslag vir identifikasie en naspeurbaarheid. Die proses kan ook 'n geweldige bydrae tot die vermindering van veediefstal lewer.

Die eienaar se brandmerk word dan op die regte tyd aangebring soos voorgeskryf, en moet ook in die bestuurstelsel aangeteken word. Dit vergemaklik die bestuur van individuele diere se inligting, wat later ook in groepe bestuur kan word. Gewigs- en teelgroepe kan later met gemak opgestel en bestuur word, asook die aantekening van akkurate inligting teenoor die regte dier.

Die produsent se produkwaarborg en risikobestuur word alles met een aksie hanteer. Hierdie bestuursproses vergemaklik die seleksieproses later, wanneer bestuursbesluite geneem word oor watter diere goed presteer het, reproduksie na wense gelewer het en watter swak presteerders slagplaas toe gestuur gaan word.



Kontak ons vir inligting en implementering van die GMPBasic®-bestuurstelsel.
Kontak GMP Traceability by 083 263 3471 of 011 954 4971, epos.support@gmpbasic.co.za.

Besoek ook ons webwerf by www.gmptags.co.za.

GMP Traceability Management Software cc – CK1998/001282/23

www.gmptags.co.za